

AFDELING IV: AANBEVELINGS

Seksuele misdade met kinders is 'n ernstige en wydverspreide internasionale probleem. Na 'n ontleding van die regstelsels in Suid-Afrika, Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland, blyk dit dat 'n kind oor die algemeen as 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar omskryf word. Lande word ingevolge verskeie internasionale konvensies en handveste verplig om kinders teen enige vorm van diskriminasie, fisiese en sielkundige geweld, beserings, mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting te beskerm. Die verbode gedrag sluit kinderprostitusie, onwettige seksuele praktyke en kinderpornografie in. Ingevolge hierdie internasionale ooreenkomste word erkenning aan die beskerming van 'n kind se beste belang verleen.

Kinders beskik oor eiesoortige eienskappe en moet ooreenkomstig hul ouderdom en ontwikkelingsvlak behandel word. Hul spesiale situasie en besondere kenmerke moet derhalwe verstaan en in ag geneem word om hul getuienis in die regte perspektief te kan plaas. Derhalwe moet daar gepoog word om sekondêre traumatisering deur die regstelsel te voorkom. Lang verdragings en uitstelle van sake dra, byvoorbeeld, tot die trauma by. 'n Gebrek aan professionele hofpersoneel kan ook bydra tot die trauma wat slagoffers tydens 'n verhoor ondervind. Dit is 'n geweldige vernedering en verleentheid vir byvoorbeeld vroulike slagoffers van seksuele misdade om 'n gedetailleerde beskrywing van seksuele gebeure in die teenwoordigheid van net manlike regslui te gee. Dit mag tot gevolg hê dat slagoffers nie volledige besonderhede oor die aktiwiteite wil gee nie. Sorg moet derhalwe aan die dag gelê word om hulle in hierdie verband tegemoet te kom.

Die "*beste belang*" van 'n kinderslagoffer van 'n seksuele misdaad moet vanaf die aanvang van enige strafregtelike verrigtinge vooropgestel word. Kinders is nie net die slagoffers van seksuele misdade nie, maar ook dikwels, ironies genoeg, van die hofprosedures, wat - in plaas daarvan dat dit aangewend word om die onreg wat die kinders aangedoen is, te herstel - hulle aan verdere trauma blootstel. Kinders se belange geniet voorts ook nie altyd die gewenste aandag by vonnisoplegging nie. Die Suid-Afrikaanse Reg skiet in verskeie aspekte te kort wanneer die regte van kinderslagoffers van seksuele misdade ter sprake kom. Die ontoereikende bestaande misdade, die gebreke in die prosedurele reg sowel as tekortkominge tydens die bepaling van gepaste vonnisse, laat soms twyfel ontstaan of die kind se belang wel as belangrik geag word.

Dit is van die uiterste belang dat stappe geneem moet word om erkenning aan kinderslagoffers se regte te verleen. Die voorstelle wat hierna volg word gedoen met die oog op die aanspreking van die geïdentifiseerde leemtes.

KINDERS SE KONSTITUSIONELE REGTE

Die inwerkingtreding van die *interim Grondwet* 200 van 1993 op 27 April 1994 (wat later deur die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996, vervang is), het 'n nuwe era in Suid-Afrika ingelui, waarin daar vir die eerste keer konstitusionele erkenning aan alle persone se menseregte verleen word. Kinders moet onder andere teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik, vernedering en uitbuitende arbeidspraktyke beskerm word. In enige aangeleentheid wat 'n kind raak, is sy "*beste belang*" deurslaggewend. Kinders geniet ingevolge die huidige *Grondwet* ook die reg op gelyke beskerming, gelykheid voor die reg, die reg op menswaardigheid, lewe, vryheid en sekerheid van die persoon, die reg op liggaamlike en psigiese integriteit sowel as die reg op privaatheid.

Indien seksuele misdade met kinders gepleeg word, word hul reg op liggaamlike (en psigiese) integriteit, menswaardigheid en privaatheid geskend. Hulle behoort tydens strafregtelike verrigtinge regverdig behandel te word en aangaande die hofproses ingelig te word. Verstaanbare taalgebruik moet ook teenoor hulle aangewend word. Slagoffers behoort van staatsweë ondersteun en beskerm te word, sonder om die gevoel te hê dat hulle deur die regstelsel in die steek gelaat word of deur die gemeenskap verwerp word. Alhoewel kinders teen alle vorme van seksuele uitbuiting beskerm moet word, mag dit egter nie ten koste van beskuldigdes se fundamentele regte geskied nie. Slagoffers se regte moet derhalwe telkemale teenoor beskuldigdes s'n afgewees word. Die probleem is egter dat slagoffers - en veral kinders, wat die mees weerlose groep in die samelewing is - nie oor 'n konstitusionele reg op 'n spoedige of 'n billike verhoor beskik nie. Hierdie leemte mag hul trauma tydens strafregtelike verrigtinge aansienlik vererger.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 2002 verskeie voorstelle oor die skepping van seksuele misdade sowel as nuwe hofprosedures en vonnismaatreëls gemaak. In die Aanhef van die voorgestelde "*Sexual Offences Bill*" ("*Wetsontwerp op Seksuele Misdade*") (wat oor eksteritoriale werking sal beskik), beklemtoon die Regskommissie die konstitusionele erkenning van alle persone se reg op gelykheid, privaatheid, menswaardigheid, lewe sowel as die reg op vryheid en sekerheid van die persoon - waarby die reg om nie aan enige vorm van geweld blootgestel te word nie, inbegrepe is. 'n Kind se beste belang moet deurentyd beskerm word.

Slagoffers behoort nie aan enige diskriminasie blootgestel te word nie. Hulle moet met die nodige respek en waardigheid behandel word en van hul regte asook alle relevante strafregtelike prosedures ingelig word. Hulle moet oor die reg beskik om hul opinie te lug en op die hoogte van verwickelinge gehou word. Hulle behoort 'n reg op die verlening van bystand te hê en om ooreenkomstig hul ontwikkelingsvlak en ouderdom in 'n verstaanbare taal aangespreek te word. Slagoffers behoort ook 'n reg op 'n billike verhoor te hê.

SEKSUELE MISDADE

Dit blyk uit die regstelsels van die lande wat vir doeleindes van regsvergelyking bestudeer is dat 'n groot verskeidenheid seksuele misdade statutêr geskep is om seksuele vergrype met kinders te bekamp. Die onderskeie Wetgewers het bykans elke moontlike verskyningsvorm van misdadige seksuele gedrag, veral met kinders, strafbaar gestel en duidelik omskryf om onsekerheid te vermy. Suid-Afrika is die enigste land waar die meeste seksuele misdade gemeenregtelik van oorsprong is en die Regstelsel toon verskeie leemtes wat dringend aandag behoeft.

Anders as op internasionale vlak, word **verkragting** in die Suid-Afrikaanse Reg steeds tot die tradisionele, heteroseksuele, vaginale geslagsgemeenskap tussen 'n man en 'n vrou (sonder haar toestemming) beperk. Voldoende erkenning word nie aan die skending van 'n manspersoon (met inbegrip van 'n seun) se reg op liggaamlike (en psigiese) integriteit, menswaardigheid, vryheid en gelykheid verleen nie. Geslagsgemeenskap tussen mans sonder toestemming maak immers "*male rape*" uit, wat tans as onsedelike aanranding of 'n oortreding van die *Wet op Seksuele Misdrywe 23* van 1957, vervolg word. "*Male rape*" is egter baie ernstiger as onsedelike aanranding. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 2002 aanbeveel dat die bestaande posisie gewysig moet word om voorsiening vir 'n nuwe misdaadsomskrywing van verkragting te maak. Hierdie misdaad sluit "*male rape*" in en stem ooreen met die regsposisie in Kanada, Australië en Nieu-Seeland. Die voorgestelde misdaadsomskrywing van verkragting bring mee dat bykans alle vorme van seksuele aanranding by die vermelde verbodsbepalings inbegrepe sal wees, ook digitale en orale penetrasie.

Alhoewel die voorgestelde wysiging van die misdaad verkragting ondersteun word, word aanbeveel dat die misdaad eerder as "*seksuele aanranding*" ("*sexual assault*") - soos wat die geval is in Kanada en Australië - bekend moet staan, weens die persepsies wat aan die tradisionele benaming "*verkragting*" gekoppel word. Die Nieu-Seelandse Reg bied andersins 'n verdere moontlike oplossing, wat in die lig van die Regskommissie se voorgestelde verbod op "*sexual violation*" (seksuele skending) en "*oral genital sexual violation*" (oraal-genitale seksuele skending) ook nagevolg kan word. Ingevolge die Nieu-Seelandse Reg word die benaming "*verkragting*" ("*rape*") vir die tradisionele verkragting van 'n vrou as 'n verskyningsvorm van die oorkoepelende misdaad "*sexual violation*" (seksuele skending) behou, terwyl ander vorme van onregmatige geslagsgemeenskap onder die geslagsneutrale misdaad "*sexual connection*" (seksuele konneksie) tuishoort, wat ook deur "*sexual violation*" gedek word.

Volgens die skrywer behoort daar ook oorweging geskenk te word aan die formulering van verskillende grade van erns by verkragting. Die Kanadese Reg maak in dié verband voorsiening vir drie statutêre vorme van seksuele aanranding. Die *Criminal Code* 1985 onderskei tussen "*sexual assault*" (seksuele aanranding), "*sexual assault with a weapon, threats to a third party or*

causing bodily harm" (seksuele aanranding met 'n wapen, dreigemente teenoor 'n derde party of die veroorsaking van liggaamlike leed) en "*aggravated sexual assault*" (seksuele aanranding met verswarende omstandighede). In Australië (en wel in Nieu-Suid-Wallis en Wes-Australië) is seksuele aanranding met verswarende omstandighede ook 'n afsonderlike misdaad. Op hierdie wyse word daar behoorlike erkenning aan die erns van die betrokke seksuele aanranding of verkragting verleen. Die pleging van verkragting gaan immers nie altyd met byvoorbeeld die gebruik van 'n wapen of die toediening van beserings gepaard nie. 'n Statutêre onderskeid tussen die verskillende grade van erns, soos voorgestel, mag vervolging vir verkragting in die praktyk vergemaklik en meer regsekerheid skep.

Die dekriminalisasie van **bloedskande** is onder andere in Suid-Afrika en Australië bepleit. Die skrywer is egter van mening dat die misdaad behou moet word. Bloedskande doen immers ernstige afbreuk aan die familie-eenheid, skend vertrouensverhoudings met kinderslagoffers en verhoog die risiko van genetiese defekte. Die misdaad word ook deur die gemeenskap met afsku bejeën. Alhoewel die voorstel van die Suid-Afrikaanse Regskommissie dat alle vorme van geslagsgemeenskap bloedskande sal kan uitmaak, onderskryf word, is dit die skrywer se mening dat die gemeenregtelike definisie van bloedskande met 'n statutêre omskrewe geslagsneutrale misdaadsomskrywing (en wel ooreenkomstig die Kanadese Reg) vervang behoort te word. Dit sal tot regsekerheid lei.

Die misdaad behoort voorts, in navolging van die Engelse, Kanadese en Nieu-Seelandse Reg, slegs tot bloedverwantskap beperk te word. Die misdaadsbenaming sinspeel immers op 'n verbod op **bloedskande**. Geslagsgemeenskap binne die verbode grade van aanverwantskap behoort nie meer tussen volwasse toestemmende partye strafbaar te wees nie. Daar is tog nie sprake van enige bloedverwantskap tussen die partye nie en buite-egtelike geslagsgemeenskap (owerspel) maak nie meer 'n misdaad uit nie. Indien geslagsgemeenskap binne die verbode grade van aanverwantskap met kinders geskied, word die gedrag deur reeds bestaande misdade strafbaar gestel. Dieselfde argument (die bestrawwing deur bestaande misdade) geld by geslagsgemeenskap tussen persone wat binne die verbode grade van verwantskap deur aanneming aan mekaar verwant is. In navolging van die Engelse Reg behoort 'n misdaad van aanhitsing van 'n kind tot die pleging van bloedskande op die wetboek geplaas te word. Weens die eiesoortige aspekte van bloedskande, sal reeds bestaande misdade nie die erns van hierdie gedrag behoorlik kan aanspreek nie.

'n Statutêre onderskeid in die verskillende grade van erns behoort ook volgens die skrywer, soos in die geval van verkragting, by **onsedelike aanranding** getref te word, aangesien verskillende soorte verswarende omstandighede kan bestaan. Die behoud van die misdaad onsedelike aanranding is wel van groot waarde, omdat nie alle vorme van onsedelike aanranding deur die voorgestelde verbodsbepalings van die Suid-Afrikaanse Regskommissie met betrekking tot verkragting, "*sexual violation*" (seksuele skending) en "*oral genital sexual violation*" (oraal-genitale seksuele skending) gedek sal word nie.

Weens die twee huidige teenstrydige benaderings in die Suid-Afrikaanse Reg oor die aard en omvang van die misdaad onsedelike aanranding, behoort uitsluitel deur die Wetgewer verskaf te word en die misdaad statutêr omskryf te word. Die korrekte benadering behoort te wees dat onsedelike aanranding gepleeg word waar 'n onsedelike daad verrig word of waar dreigemente van onmiddellike fisiese geweld in onsedelike omstandighede geuiter word. Die beskuldigde se handeling hoef nie op 'n direkte aanraking van die slagoffer se privaatdele gemik te wees nie. Die toets is die opset waarmee hy die handeling verrig, welke bedoeling uit sy woorde en daede afgelei kan word. Die toevoeging van onsedelike geweld as sulks moet nie vereis word nie. Indien 'n beskuldigde met enige deel van sy liggaam na 'n slagoffer se privaatdele sou mik, of as hy bedoel om die slagoffer onsedelik aan te rand, behoort dit voldoende te wees om die misdaad uit te maak.

Die handeling hoef nie op sigself onsedelike aanranding uit te maak nie (byvoorbeeld om 'n vrou se borste te betas), omdat die beskuldigde se onsedelike bedoeling waarmee hy die daad verrig (deur byvoorbeeld die opset te hê om die vrou se borste te aan te raak, maar dit nie inderdaad gedoen het nie en slegs sy hand uitgesteek het en aangedui het dat hy dit beoog) deurslaggewend kan wees. In hierdie omstandighede moet 'n dreigement (wat in elk geval by die omskrywing van aanranding ingesluit word) van onsedelikheid ook voldoende wees om die misdaad onsedelike aanranding uit te maak, sonder dat daar inderdaad enige fisiese kontak hoef te wees. Die voormelde benadering (ingevoelge waarvan opset vereis moet word) behoort soepel genoeg te wees om verskillende soorte onsedelike gedrag strafbaar te stel. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se voorgestelde omskrywing van onsedelike daede (onder andere by "*compelled or induced indecent acts*" - gedwonge of geïnduseerde onsedelike daede) kan van groot nut wees by die beoordeling van moontlike onsedelike gedrag.

Alhoewel die Engelse en Australiese Reg vir die bestrawwing van "*gross indecency*" ('n **growwe onsedelike daad**) voorsiening maak en die Australiese State verskeie vorme van **anale geslagsgemeenskap** met kinders verbied, bestaan daar nie werklik 'n behoefte in die Suid-Afrikaanse Reg vir die skepping van hierdie misdade nie.

Onnatuurlike geslagsmisdade omvat 'n groot verskeidenheid tipes seksuele gedrag. Bestialiteit het aanvanklik deel van die omskrywing uitgemaak, maar is tans 'n substansiële misdaad. Pedofilie, wat ook 'n verskyningsvorm daarvan is, is nie 'n misdaad of 'n verweer nie, maar 'n seksueel afwykende gedragspatroon ingevolge waarvan volwassenes seksueel tot kinders (wat nog nie puberteit bereik het nie) aangetrokke is. Weinig vervolgings is in die verlede vir onnatuurlike geslagsmisdade ingestel. Die essensie van onnatuurlike geslagsmisdade behels 'n waarde-oordeel oor gedrag, wat van land tot land sowel as tussen verskillende rasse- en ouderdomsgroepe mag verskil. Die meeste vorme van onnatuurlike geslagsmisdade behoort onsedelike aanranding uit te maak, of onder die voorgestelde verbod op "*oral genital sexual violation*" (oraal-genitale seksuele skending) te resorteer. Daar bestaan derhalwe volgens die

skrywer nie meer 'n behoefte vir die bestrawwing van onnatuurlike geslagsmisdade in die Suid-Afrikaanse Reg nie en behoort die misdaad afgeskaf te word.

Alhoewel die dekriminalisasie van **bestialiteit** reeds in 1986 bepleit is, bestaan die misdaad nog steeds en behels dit ernstige, perverse gedrag, wat onbestaanbaar met menswaardigheid en teenstrydig met die natuurlike orde in die samelewing is. Ofskoon voorgestel is dat die *Wet op Dierebeskerming* 71 van 1962, uitsluitlik toepassing by bestialiteit behoort te vind, is die bepalings bedoel vir gevalle waar diere in wrede omstandighede aangehou of behandel word. Indien 'n beskuldigde ingevolge die huidige regsposisie 'n ander persoon (of kind) tot die pleging van bestialiteit sou dwing, doen hy aanspreeklikheid as medepligtige op. Die Regskommissie het in 2002 aanbeveel dat 'n dier se liggaamsdeel in die beoogde omskrywings van "*sexual violation*" (seksuele skending by wyse van onder andere digitale geslagsgemeenskap) en "*oral genital sexual violation*" (oraal-genitale seksuele skending of *fellatio*) as 'n wyse van penetrasie vervat moet word. Hierdie voorstel bring mee dat geen persoon 'n dier se liggaamsdeel mag aanwend om seksuele skending of oraal-genitale seksuele skending met 'n ander persoon te pleeg nie. Die Regskommissie se voorstel vir 'n verbod op "*compelled or induced indecent acts*" (gedwonge of geïnduseerde onsedelike dade) behels dat niemand 'n ander persoon (insluitend 'n kind) mag forseer of manipuleer om onsedelike dade met 'n dier (asook met die beskuldigde, 'n derde party of die slagoffer self) te verrig nie. Hierdie voorstel dek egter nie die pleging van bestialiteit deur 'n beskuldigde self nie. Die misdaad bestialiteit moet derhalwe volgens die skrywer behou word, maar statutêr omskryf word en wel in navolging van die Australiese Reg.

Die Suid-Afrikaanse ***Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957*** (en veral die bepalings van artikel 14) is al op verskeie geleenthede gekritiseer, weens die diskriminasie teen kinders en jeugdiges op grond van ouderdom en seksuele oriëntasie. Alhoewel skadelike seksuele gedrag met jeugdiges verbied moet word, is die huidige verbodsbepalings ontoereikend. Die bepalings (weer eens van veral artikel 14) voldoen nie meer aan die heersende behoeftes van die gemeenskap nie en behoort in totaliteit hersien te word. Die verwere waaroor 'n beskuldigde tydens 'n vervolging van 'n oortreding van artikel 14 van die *Wet op Seksuele Misdrywe* beskik, is veral onvanpas. (Min of meer dieselfde verwere geld in Engeland en Nieu-Seeland.)

Dit is immers onverstaanbaar waarom 'n beskuldigde kan aanvoer dat 'n kind onder die ouderdom van sestien jaar 'n prostituut is. Dit is tog juis die oogmerk van die *Wet op Seksuele Misdrywe* om kinders en jeugdiges weens hul weerloosheid, seksuele onervarendheid en oordeelsfoute teen verskeie vorme van seksuele gedrag te beskerm. 'n Beskuldigde onder die ouderdom van 21 jaar behoort ook nie oor 'n verweer te beskik nie. Statistieke dui trouens daarop dat die meeste oortreders in kindersake jeugdige is. Jeugdigheid is 'n versagtende faktor by vonnisoplegging en behoort nie 'n verweer by seksuele misdade met kinders en jeugdige te wees nie. As 'n beskuldigde vir die eerste keer van 'n oortreding van artikel 14 aangekla word, behoort dit ook nie 'n verweer uit te maak nie. Seksuele misbruik van kinders is so ernstig dat misdadigers nie

‘n tweede kans gegun behoort te word nie.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 1999 aanbeveel dat ‘n nuwe misdaad “*child molestation*” (kindermolestering) op die wetboek geplaas moet word, om hierdie probleme aan te spreek. In 2002 het die Regskommissie afstand van hierdie aanbeveling gedoen en die misdaad “*acts which cause penetration or indecent acts with certain children with their consent*” (penetrasie-handelinge of onsedelike dae met sekere kinders met hul toestemming) voorgestel om artikel 14 van die *Wet op Seksuele Misdrywe* te vervang. Hierdie aanbeveling word verwelkom, omdat dit ‘n verbod op ernstige seksuele aktiwiteite met kinders plaas, wat voorkeur aan hul belange verleen. Die beoogde geslagsneutrale misdaad verbied enige penetrasie van ‘n kind tussen die ouderdom van twaalf en sestien jaar (wat met ander woorde vaginale penetrasie, anale penetrasie sowel as “*sexual violation*” (seksuele skending) en “*oral genital sexual violation*” (oraal-genitale seksuele skending) sal insluit) en onsedelike dae met kinders onder die ouderdom van sestien jaar, selfs al is toestemming verleen. Ofskoon ‘n beskuldigde wel sekere verwere tot sy beskikking sal hê, val kinderprostitusie weg, wat sal verhoed dat ‘n beskuldigde vervolging of ‘n skuldigbevinding kan ontkom. Soos reeds vermeld, is die voorgestelde omskrywing van “*indecent act*” (onsedelike daad) ‘n waardevolle toevoeging, wat ook by onsedelike aanranding toepassing behoort te vind.

In navolging van die Kanadese misdaad “*corrupting children*” (die korrupsie of bedorwenheid van kinders) behoort ‘n soortgelyke misdaad in die Suid-Afrikaanse Reg opgeneem te word. Hierdie misdaad bestraf gedrag teenoor ‘n kind onder die ouderdom van agtien jaar, welke gedrag in die woning waarin die kind bly, verrig moet word en die kind se morele waardes in gevaar moet stel. Dit omvat die pleging van owerspel, onsedelike gedrag, dronkenskap sowel as waar ‘n beskuldigde onder die invloed van verdowingsmiddels is. Kinders behoort nie aan onaanvaarbare of skadelike seksuele gedrag blootgestel te word nie, omdat dit hul waardes nadelig mag beïnvloed. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie beveel wel ‘n misdaad getiteld “*acts which cause penetration or indecent acts committed within the view of certain children or certain mentally impaired persons*” (penetrasie-handelinge of onsedelike dae in die sig van sekere kinders of sekere geestesongestelde persone) aan om die verrigting van ‘n opsetlike “*act which causes penetration*” (‘n penetrasie-handeling) of ‘n onsedelike daad met iemand anders in die sig van onder andere ‘n kind onder die ouderdom van sestien jaar te verbied. Die Kanadese misdaad dek egter ‘n groter verskeidenheid van moontlike skadelike gedrag en behoort oorweeg te word, maar sonder om die verbode handelinge te beperk tot die kind se ouerhuis. Alhoewel so ‘n misdaad dalk te wyd geformuleer sal wees, behoort kinders op alle plekke en te alle tye beskerming teen hierdie tipe gedrag te geniet.

Die Suid-Afrikaanse *Wet op Films en Publikasies* 65 van 1996¹ reël die bestrawwing van **kinderpornografiese aktiwiteite**. Alhoewel die Wet tussen films en publikasies onderskei, ontbreek riglyne oor die benadering wat tot pornografiese materiaal gevolg behoort te word. Die maatstawwe wat in Nieu-Seeland toegepas word, behoort aanwending in die Suid-Afrikaanse Reg te vind, omdat dit van groot waarde kan wees.

Kinders moet behoorlike beskerming teen toegang tot skadelike pornografiese (volwasse) materiaal weens die nalatigheid van ander persone geniet, omdat dit kinders nadelig mag beïnvloed en slegte gevolge kan inhou. Dit sal byvoorbeeld die geval wees waar kinders in hul ouerhuise toegang tot pornografiese films het. Die Kanadese misdaad "*corrupting children*" (die korrupsie of bedorwenheid van kinders) mag, soos reeds hierbo uitgewys, in hierdie verband van waarde wees. Die misdaad verbied immers enige gedrag ingevolge waarvan kinders se morele waardes aan slegte invloede blootgestel word. Alle kinderpornografiese misdade behoort in een enkele verbodsbepaling vervat te word. Dit sal ook meer prakties wees om die bepaling in die voorgestelde konsepwet ("*Sexual Offences Bill*") te vervat, sodat alle misdade met kinderslagoffers gekonsolideer word.

Deurbrake op die gebied van moderne tegnologie, veral in die vorm van rekenaars en die instelling van die Internet, bemoeilik voorts enige kontrole oor die vervaardiging, verspreiding, invoer sowel as besit van kinderpornografie. Internet-diensverskaffers ondervind ook aansienlike probleme om hul webwerwe en toegang tot kinderpornografie na behore te monitor. In die meeste lande voldoen die bestaande wetgewing nie aan die heersende behoeftes nie en moet dit hersien word. Die leemtes in die Suid-Afrikaanse Reg met betrekking tot die gebruik van rekenaarstelsels en die Internet as medium vir kinderpornografiese aktiwiteite moet dringend volgens die skrywer aangespreek word. In navolging van die Kanadese Reg behoort die uitsending, beskikbaarstelling of uitvoer van kinderpornografie sowel as besit vir die doel van die uitsending, beskikbaarstelling of uitvoer daarvan, die opsetlike verkryging van toegang tot kinderpornografie en "*luring a child*" (aanlokking van 'n kind) deur middel van 'n rekenaarsisteem met die doel om 'n seksuele misdaad met die kind te pleeg, verbied te word. Indien kinderpornografie (asook kinderprostitusie) deel van georganiseerde misdaad vorm, moet dit 'n afsonderlike misdaad uitmaak en swaar bestraf word.

Die Regskommissie se aanbeveling dat 'n misdaad "***child prostitution***" (**kinderprostitusie**), wat verskeie onsedelike dade en penetrasie-handelinge ("*an act which causes penetration*") met kinders teen vergoeding, leef van die opbrengste van kinderprostitusie, die advertering vir of organisering van "*child sex tours*" sowel as die "*promotion of a sexual offence with a child*" (bevordering van 'n seksuele misdaad met 'n kind) verbied, word ondersteun. Dit is in navolging van veral die Australiese en Nieu-Seelandse Reg. Alhoewel die *Wet op Kindersorg* 74 van 1983 reeds sedert 1999 die kommersiële seksuele eksploitering van kinders aanspreek, is die

¹ Daar moet vermeld word dat by die ter perse gaan daar reeds 'n Wetsontwerp ter wysiging van die *Wet op Films en Publikasies* in die Parlement ter tafel gelê is.

Regskommissie se voorstel meer omvangryk en moet dit gevolg word - veral aangesien “*child prostitution*” saam met die ander seksuele misdade in een omvattende wet (die voorgestelde “*Sexual Offences Bill*”) gekonsolideer word.

“**Stalking**” (**agtervolging**) of kriminele teistering word spesifiek in Kanada, Australië en Nieu-Seeland verbied. In Engeland maak dit die misdaad aanranding uit. In Suid-Afrika word “*stalking*” en teistering by die woordskrywing van gesinsgeweld in die *Wet op Gesinsgeweld* 116 van 1998 ingesluit as deel van die verbode gedrag wat ‘n slagoffer se veiligheid, gesondheid of welsyn kan skaad. In 1999 was die Suid-Afrikaanse Regskommissie van mening dat ‘n misdaad “*stalking*” wel op die wetboek geplaas behoort te word, omdat die *Wet op Gesinsgeweld* nie voldoende beskerming of remedies aan slagoffers verleen nie. Alhoewel hierdie leemte wel aangespreek behoort te word, word dit betwyfel of enige verbodsbepaling ooit alle vorme van “*stalking*” of teistering na behore sal kan dek.

Ofskoon “**female genital mutilation**” (**skending van vroulike geslagsdele**) in Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland verbied word, word manlike besnydenis nie strafbaar gestel nie. In Suid-Afrika is daar slegs ‘n verbod op die praktyk van besnyding in die Noordelike Provinsie. Daar blyk op hierdie stadium geen behoefte in die Suid-Afrikaanse Reg vir ‘n verbod op die skending van vroulike geslagsdele te wees nie. Daar behoort wel ondersoek ingestel te word na die voorkoms van hierdie gedrag in die praktyk, met die oog op die moontlike bestrawwing daarvan.

In navolging van die Australiese posisie, het die Suid-Afrikaanse Regskommissie in 1999 aanbeveel dat ‘n nuwe misdaad getiteld “***persistent sexual abuse of a child***” (**volgehoue seksuele mishandeling van ‘n kind**) op die wetboek geplaas moet word. In sy verslag van 2002, het die Regskommissie egter nie weer die skepping van hierdie misdaad aanbeveel nie. Die weglating daarvan word betreur en dit word deur die skrywer aanbeveel dat die aanvanklike beoogde misdaad “*persistent sexual abuse of a child*” wel deel van die konsepwet moet uitmaak. Dit is in die praktyk moeilik, waar verskeie seksuele misdade met kinders oor ‘n lang tydperk gepleeg is, om spesifieke besonderhede rakende die verskillende voorvalle vanaf die jong slagoffers te bekom. Kinders kan nie altyd die detail van die dade, of die volgorde van gebeure en datums onthou nie. Hierdie aspekte maak dit moeilik vir die Staat om spesifieke handelinge en datums te bewys en nadere besonderhede te verskaf, indien dit deur die verdediging aangevra word. Selfs al sou daar geargumenteer word dat die voorgestelde misdaad ‘n beskuldigde se konstitusionele regte skend, deurdat hy byvoorbeeld ‘n moontlike alibi of mediese getuie in sy guns weens die tydsverloop ontsê word, geld dieselfde argument ook by die toepassing van artikel 94 van die Suid-Afrikaanse *Strafproseswet*, wat tans in die praktyk aangewend word. Alhoewel artikel 94 wel die probleemsituasie kan oorbrug, verleen dit nie voldoende erkenning aan die unieke en verswarende aard van die pleging van verskeie seksuele misdade oor ‘n lang tydperk met kinders nie. Weens hierdie faktor behoort sodanige gedrag afsonderlik strafbaar gestel te word.

Die reël dat indien **verskillende seksuele dade in die verloop van een voorval** gepleeg word, dit **meerdere misdade** in die Engelse en Australiese Reg uitmaak, behoort vir moontlike aanwending in die Suid-Afrikaanse Reg ondersoek te word. Hierdie toedrag van sake geld nie in die Suid-Afrikaanse praktyk nie. Indien 'n beskuldigde 'n vrou verkrag terwyl hy byvoorbeeld haar borste sou betas, word hy gewoonlik net van verkragting aangekla. Omdat sy gedrag in werklikheid die misdade verkragting sowel as onsedelike aanranding uitmaak, behoort die gevaar van 'n vermenigvuldiging van skuldigbevindings (waarop artikel 83 van die *Strafproseswet* betrekking het) nie ter sprake te kom nie. Die vereistes van (om dieselfde voorbeeld te gebruik) onsedelike aanranding vorm immers nie elemente van die misdaad verkragting nie.

PROSEDURELE REG EN DIE EVALUASIE VAN KINDERS SE GETUIENIS

Die vereiste bepaling van kindergetuies se **bevoegdheid** en die daaropvolgende vorm van getuienislewering, soos dit tans in die howe geskied, is onaanvaarbaar. Kinders se onbeëdigde getuienis is nie minder betroubaar as hul beëdigde getuienis nie. Daar is geen verband tussen 'n getuie se ouderdom en sy begrip van die betekenis van die eed nie. Misdadigers word nie vermoed onbevoegde getuies te wees, bloot omdat hulle aan byvoorbeeld oneerlikheidsmisdade skuldig bevind is nie. Geen bevoegdheidstoets kan in elk geval ooit werklik effektief of aanduidend van bevoegdheid wees nie. Kinders se taalgebruik, ouderdom en ontwikkelingsvlak word ook nie altyd in die praktyk in aanmerking geneem nie, veral waar die dienste van tolke of tussengangers aangewend word. Kommunikasieprobleme en verkeerde vertolkings mag in hierdie gevalle aanleiding tot misverstande gee. Daar word saamgestem met die Suid-Afrikaanse Regskommissie se mening dat alle kinders onder die ouderdom van agtien jaar vermoed moet word, bevoeg te wees, tensy hulle nie oor die vermoë beskik om vrae te begryp en verstaanbare antwoorde te gee nie, in welke geval howe redes vir die onbevoegdheidsbevinding moet verskaf. As die kind op die oog af bevoeg blyk te wees, behoort hy (of sy) vermaan te word om die waarheid te praat nadat hy op die impak van leuens gewys is. Sy getuienis moet eers aan die einde van die saak beoordeel word. Howe is immers weens ervaring op moontlike gevare in kinders se getuienis bedag.

Strafregtelike verrigtinge vind as 'n reël in 'n ope hof in 'n beskuldigde se teenwoordigheid plaas, tensy dit in die belang van geregtigheid is dat 'n verhoor *in camera* gehou word. **Alternatiewe wyses van getuienisaflegging** deur kinderslagoffers van seksuele misdade lewer 'n aansienlike bydrae tot hul beskerming teen sekondêre viktimisering deur die hofproses. Ofskoon 'n beskuldigde 'n getuie moet waarneem, geld die omgekeerde nie. Dit is immers in die belang van geregtigheid en die soektog na die waarheid dat kinders oor seksuele misdade getuig, sodat relevante en waardevolle inligting aan die howe geopenbaar word. Kinders is minder huiwerig om oor die misdade te getuig indien hulle van dié maatreëls gebruik mag maak. Die prosedures skakel direkte konfrontasies met beskuldigdes uit, verminder aggressie teenoor kinders en doen weg met die vernederende, intimiderende, pynlike ervaring van getuienisaflegging in 'n ope hof.

Artikel 170A van die Suid-Afrikaanse *Strafproseswet* 51 van 1977 (die tussenganger-prosedure) maak voorsiening vir getuienisaflegging deur middel van enige elektroniese of ander toestelle, onder andere 'n geslotekringteleviesistelsel. Kindergetuies onder die ouderdom van agtien jaar kwalifiseer om op hierdie wyse te getuig indien hulle weens getuienislewering aan "*onredelike geestespanning of -lyding*" blootgestel sal word. 'n Tussenganger word dan aangewys, deur wie se bemiddeling die kinders mag getuig. Die tussenganger-prosedure is 'n waardevolle middel vir kindergetuies se beskerming en bevorder hul beste belang. Die prosedure toon egter verskeie leemtes, wat dringend aangespreek moet word.

Die maatstaf van die blootstelling van kindergetuies onder die ouderdom van agtien jaar aan "*onredelike geestespanning of -lyding*" is te streng. Dit vereis erger of ernstiger trauma as wat normaalweg met getuienislewering in 'n hof gepaard gaan, wat tot 'n selektiewe toepassing van die prosedure lei. Indien daar nie aangetoon kan word dat 'n kind aan "*onredelike geestespanning of -lyding*" blootgestel sal word nie, moet die kind *in camera* in die beskuldigde se teenwoordigheid getuig, wat 'n geweldige traumatiese en angswekkende belewenis vir die meeste kinderslagoffers van seksuele misdade is. Die blootstelling aan "*onredelike geestespanning of -lyding*" word nie ingevolge die bepalings van artikel 158 van die *Strafproseswet* (die televisie-prosedure) vereis, alvorens 'n getuie by wyse van 'n geslotekringteleviesistelsel mag getuig nie. Dit bring mee dat die televisie-prosedure in die praktyk makliker toepassing vind as die tussenganger-prosedure. Volwasse getuies en selfs beskuldiges mag in terme van artikel 158 by wyse van 'n geslotekringteleviesistelsel getuig, terwyl die aanwending van die tussenganger-prosedure kinders ontsê kan word indien daar nie aan die streng toets voldoen word nie. Die belang van geregtigheid verg dat die tussenganger-prosedure tot **alle** kindergetuies onder die ouderdom van agtien jaar se beskikking behoort te wees, sonder dat daar eers aan 'n maatstaf van "*onredelike geestespanning of -lyding*" voldoen moet word. Daar behoort derhalwe weggedoen te word met die maatstaf van "*onredelike geestespanning of -lyding*".

Die bestaande tussenganger-prosedure is ook onkonstitusioneel, omdat daar tans teen kinders op grond van hul ouderdom gediskrimineer word. Dit is onbillik dat hierdie prosedure nie in gevalle waar agtienjarige meisies op 'n gewelddadige wyse deur 'n bende verkrag is of 'n agtienjarige seun of meisie die intellektuele of verstandelike vermoëns van 'n jong kind het, toepassing vind nie. Volwassenes behoort ook deur middel van 'n tussenganger te getuig indien hierdie prosedure in die belang van hul fisiese of geestelike welsyn is. Die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Regskommissie dat 'n kategorie van weerlose getuies (onder andere kindergetuies en slagoffers van seksuele misdade) geskep moet word, word ondersteun, omdat dit sal wegdoen met die huidige prosedure wat, volgens die skrywer se mening, teen kinderslagoffers diskrimineer deur "*onredelike geestespanning of -lyding*" tydens getuienisaflegging te vereis.

'n Verdere nadeel van die tussenganger-prosedure is dat howe nie altyd kindergetuies se ware ouderdom, fisiese voorkoms en ontsteldheid op die televisieskerm kan waarneem nie. Daar word dus nie gelet op hoe weerloos en klein die slagoffer in vergelyking met die beskuldigde is nie. Aanklaers en, waar nodig, tussengangers moet hierdie aspekte onder die howe se aandag bring. Dit is voorts belangrik dat tussengangers toegelaat moet word om voor die verhoor kontak met kindergetuies op te bou, sodat 'n gemaklike verhouding tussen die getuie en die tussenganger opgebou kan word. Riglyne moet dus geformuleer word oor die aard van die verhouding en kontak tussen tussengangers en kindergetuies, veral met die oog op die bepaling van die tyd en plek van die eerste ontmoeting, verantwoordeliksheidsaanvaarding vir die kinders en hoe die getuie tydens verdagings hanteer behoort te word. Alhoewel die *Strafproseswet* reeds gewysig is om die toelaatbaarheid van getuienis te reël wat deur bemiddeling van 'n onbevoegde tussenganger gelewer is, moet wetgewing volgens die skrywer spesifieke kwalifikasies en vaardighede vir tussengangers voorskryf, aangesien 'n tussenganger wat nie behoorlik gekwalifiseer is nie 'n negatiewe invloed op 'n kinderslagoffer se getuienis kan hê.

'n Punt van kritiek wat teen die tussenganger-prosedure gelewer word is dat, indien identiteit in geskil is, kinderslagoffers 'n beskuldigde fisies in die hof as dader moet uitken. Dit beteken dat kinders die hofsaal moet binnegaan om die beskuldigde te identifiseer, wat verdere trauma vir kindergetuies meebring. Dit word voorgestel dat identifikasie veel eerder moet geskied, nadat die kind se getuienis afgehandel is, soos wat die geval in Nieu-Suid-Wallis (Australië) is. Dit sal tot gevolg hê dat blootstelling aan 'n beskuldigde tot die absolute minimum beperk word. 'n Ander oplossing volgens die skrywer sal wees om foto-albums vir uitkenningsdoeleindes saam te stel. Dit sal meebring dat die kindergetuie nie die beskuldigde van aangesig tot aangesig hoef uit te ken nie. Daar behoort nie sprake van enige onreëlmatigheid te wees indien die albums aan soortgelyke voorskrifte as wat by uitkenningsparades geld, voldoen nie. (Dit sal onder andere behels dat daar 'n minimum hoeveelheid foto's moet wees waarop die vereiste aantal persone met 'n soortgelyke voorkoms uitgebeeld moet word.) Uitkennings by wyse van foto's sal hou nie nadele vir beskuldigdes in nie, maar sal tot kindergetuies se herstelproses bydra. Selfs volwasse slagoffers sal hierby baat kan vind.

'n Verdere punt van kritiek wat teen die tussenganger-prosedure geopper word, is dat kinders steeds aan kruisondervraging onderwerp word. Daar word egter nie met hierdie argument saamgestem nie. Dit is 'n fundamentele aspek van 'n billike verhoor dat beskuldigdes oor 'n reg beskik om die getuienis teen hulle te toets. Howe moet juis in 'n posisie wees om kindergetuies se geloofwaardigheid te bepaal. In die afwesigheid van kruisondervraging mag 'n foutiewe, maar *bona fide*, uitkenning byvoorbeeld nie ontbloot word nie. Dit sal onreëlmatig wees om beskuldigdes hul reg op kruisondervraging te ontnem. Die tussenganger-prosedure is van aansienlike waarde by die beskerming van kindergetuies se beste belang en moet behou word, maar die geïdentifiseerde leemtes en probleme in die Suid-Afrikaanse Reg moet dringend aangespreek word.

Die gebruik van **skerms en eenrigtingspieëls** behoort volgens die skrywer, in navolging van die Engelse, Kanadese, Australiese en Nieu-Seelandse Reg, spesifiek in die *Strafproseswet* vermeld te word. Hierdie alternatiewe maatreëls skakel oogkontak tussen kindergetuies en beskuldiges uit en verminder die kinders se trauma en angs. Die gebruik van hierdie hulpmiddels is in die belang van geregtigheid, omdat 'n getuie immers nie verplig kan word om na 'n beskuldigde te kyk nie. Alhoewel hierdie hulpmiddels selde in die praktyk aangewend word, is dit 'n goedkoop alternatief vir die televisie-prosedure en kan dit met vrug gebruik word in howe waar die fasiliteite vir 'n geslotekringtelevisiestelsel ontbreek. Die skerms en spieëls verleen visuele beskerming aan kinders, bevorder hul fisiese en geestelike welsyn, laat hulle meer op hul gemak voel en benadeel nie 'n beskuldigde nie, omdat dit nie sy reg op 'n billike verhoor of kruisondervraging skend nie. Die argumente en voorstelle hierbo met betrekking tot die trauma verbonde aan die uitkenning van 'n beskuldigde as dader geld ook hier. Alhoewel die doel met die aanwending van die alternatiewe maatreëls (en wel 'n skerm, 'n eenrigtingglas en die tussenganger-prosedure) is om kinders teen sekondêre viktimisering deur die regstelsel en of hofprosedures te beskerm, veroorsaak enige aangesig-tot-aangesig konfrontasie met 'n beskuldigde juis verdere trauma vir die kindergetuie.

In Engeland, Kanada en Australië is kinders op **morele bystand** tydens getuienislewering geregtig. Alhoewel die verlening van bystand nie uitdruklik statutêr in Suid-Afrika gemagtig word nie, word persone wel in die praktyk toegelaat om tydens getuienisaflegging emosionele bystand aan kinders te verleen. Dit geskied egter selektief en sonder dat die rol van die 'n ondersteunende persoon uitgeklaar word. Kinders behoort seggenskap in die aanstelling en keuse van 'n ondersteunende persoon te hê, omdat hulle gewoonlik huiwerig is om intieme detail aan ander persone te openbaar. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se aanbeveling dat bystand tydens getuienisaflegging aan alle slagoffers van seksuele misdade verleen moet word, word derhalwe ondersteun. Die teenwoordigheid van die ondersteunende persoon sal die kind op sy gemak stel, veral waar 'n vreemde persoon as tussenganger optree. Omrede geen inmenging mag geskied nie, sal dit nie die pligte van die tussenganger affekteer nie, maar die kind se trauma aansienlik verminder.

Die indiening van **video-opnames** van kinders se verklarings is, onderhewig aan sekere voorwaardes, algemene praktyk in Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland. Hierdie prosedure is wel voordelig en kan tot die beskerming van kinders se beste belang bydra. Omdat die opname gewoonlik kort na die voorval gemaak word, terwyl die gebeure nog vars in die kind se geheue is, veroorsaak hierdie prosedure (in teenstelling met die tussenganger-prosedure) bykans geen trauma vir die kind nie. Dit is ook 'n waardevolle bron van geheueverfrissing, veral as die kind nie kan lees nie. Omdat kinders nie in 'n ope hof oor die intieme en vernederende besonderhede van die seksuele misdade hoef te getuig nie, verleen die video-prosedure erkenning aan hul reg op menswaardigheid en fisiese integriteit.

Die opname is partymaal die enigste getuienis van 'n baie jong kind wat na 'n lang tydsverloop nie meer die detail van die gebeure kan onthou nie. Ondervraging deur 'n deskundige op die gebied van kommunikasie met kinders in 'n gemoedelike atmosfeer kan ook die kind se trauma en spanning verminder. Die opname is 'n meer betroubare en korrekte bron van die kind se weergawe en verskaf 'n getroue en juiste beeld (aan die jurie in die regsvergelingslande) van die kind se ouderdom, fisiese voorkoms, emosies, gebare, oudersdomsverwante taalgebruik en woordeskat. Die verloop van die ondervraging sowel as die gebruik van onbehoorlike tegnieke of vrae kan waargeneem word. Deskundige getuies kan ook die opname gebruik om 'n opinie oor die misdaad en die impak daarvan op die kind te vorm.

Die moontlike kritiek dat 'n beskuldigde se reg op 'n billike verhoor aangetas word, is nie korrek nie. Die kind is immers vir kruisondervraging beskikbaar. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se kritiek dat video-opnames vir kruisondervraging gebruik kan word en op selfstawing neerkom, gaan nie op nie. Selfs al word die opname vir kruisondervragingdoeleindes aangewend, geskied dit in elk geval tans in die praktyk met betrekking tot geskrewe verklarings. Geskrewe verklarings word in detail tydens kruisondervraging aangewend, terwyl dit nie eens die woordelike en presiese verbale weergawe van slagoffers bevat nie. Dit sal anders wees in die geval van video-opnames, wat ook 'n ideale eerste aangifte van 'n misdaad kan uitmaak. Video-opnames is ook nie noodwendig selfstawend van aard nie. Daar is gewoonlik nie sprake van meerdere konsultasies en onderhoude by die video-prosedure nie, wat kinders se trauma aansienlik sal verminder. Die gebruik van video-opnames hou by verre meer voordele as die tussenganger-prosedure in en behoef dringende ondersoek volgens die skrywer (in navolging van die regsposisie in Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland) as 'n verdere moontlike statutêre alternatiewe prosedure vir getuienisaflegging deur kinders.

Anatomies-korrekte poppe is 'n waardevolle bron vir die verkryging van inligting van seksuele misdade van baie jong kinders, maar behoort slegs aangewend te word as daar mediese of fisiese staving vir die seksuele aantygings is. Aangesien die effektiwiteit en betroubaarheid van hierdie hulpmiddel nie deur navorsing of gesag gestaaf word nie, moet oorhaastige afleidings suiwer op grond van kinders se gedragpatrone of gebruik van die poppe vermy word.

Die Suid-Afrikaanse Reg behoort in navolging van die Engelse en Australiese Reg voorsiening te maak vir die **vrystelling van hofbywoning** deur 'n kind. Dit sal byvoorbeeld die geval wees waar die kind nie die enigste getuie oor die voorval is nie, of waar daar 'n noue verwantskap tussen die kind en die beskuldigde bestaan. Daar moet egter 'n groot risiko bestaan dat getuienisaflegging deur die kind tot ernstige emosionele of sielkundige trauma vir die kind sal lei of dat die verhouding tussen die partye daardeur skade berokken sal word, alvorens die kind verskoon sal word.

Hierdie situasies kom dikwels in die Suid-Afrikaanse praktyk voor. Daar mag meer as voldoende getuienis wees om die beskuldigde met die misdaad te verbind, byvoorbeeld ooggetuies se weergawes, mediese staving en DNA (DNS)-verslae, wat meebring dat die kind nie hoef te getuig nie. Dit maak nie sin dat die kind onder hierdie omstandighede die trauma van getuienisaflegging en kruisondervraging moet deurmaak nie. Sou 'n aanklaer tans nie die kind tydens die verhoor roep om te getuig nie, versoek die verdediging die hof gewoonlik om 'n nadelige afleiding van hierdie versuim te maak. Die verdediging spekuleer ook oor moontlike afwykings deur die kind van sy verklaring, dat die kind 'n gebrekkige of geen geheue omtrent die gebeure het nie en of dat die moontlikheid bestaan dat die kind voorgesê of beïnvloed is. Howe behoort derhalwe oor 'n diskresie te beskik om op aansoek van enige party 'n kind van hofbywoning vry te stel indien dit nie nodig is vir die regverdige beregting van die saak of 'n nadelige afleiding regverdig nie.

Die Suid-Afrikaanse Reg behoort ook volgens die skrywer in navolging van die Australiese Reg voorsiening te maak vir **verdaging**s op 'n gereelde basis tydens die verhoor en dat dit selfs van regslui verwag mag word om nie **amptelike hofdrag** te dra nie. In Nieu-Suid-Wallis, byvoorbeeld, mag **sitplekke** ook verander word om oogkontak met 'n beskuldigde uit te skakel. Hierdie maatreëls is ook in 'n kind se beste belang en hou geen nadele vir beskuldigdes in nie, terwyl dit merendeels dien om kindergetuies op hul gemak te stel.

Die alternatiewe maatreëls vir getuienislewering deur kinders - en meer spesifiek getuienisaflegging by wyse van 'n geslotekringteleviesistelsel, die indiening van video-opnames, die gebruik van skerms en eenrigtingglas asook die verlening van morele bystand - is nie **onkonstitusioneel** nie. Hierdie prosedures is in belang van geregtigheid en beskerm kindergetuies se geestelike en fisiese welsyn, sonder dat dit ten koste van 'n beskuldigde se regte geskied. Die beskuldigde behou steeds sy reg op kruisondervraging en 'n billike verhoor. In die afwesigheid van hierdie maatreëls moet getuienisaflegging deur die kind op die konvensionele wyse in die beskuldigde se teenwoordigheid geskied, wat die kindergetuie tot stilswye kan dwing en mag traumatiseer. Dit is die skrywer se submissie dat die maatreëls 'n regverdige balans handhaaf. Die getuie is sig- en hoorbaar vir al die partye en word aan kruisondervraging onderwerp. Die gebruik van die alternatiewe maatreëls vergemaklik howe se taak om die waarheid vas te stel, omdat die prosedures kinders meer op hul gemak stel sodat hulle vollediger weergawes verskaf. Indien die maatreëls nie in die belang van geregtigheid is nie, sal howe aansoeke in dié verband van die hand wys.

By die oorweging van die toepassing van alternatiewe maatreëls moet 'n afweging van die kind se belange enersyds en 'n beskuldigde se belange andersyds plaasvind. Indien 'n hof sou bevind dat die alternatiewe prosedures nie toepassing moet vind nie, behoort redes vir hierdie bevinding verskaf te word. Howe moet let op sowel die weerlose getuie se wense (afhangend van ouderdom en volwassenheid) as 'n deskundige se opvattinge en sienings in dié verband. Die aanbeveling van die Regskommissie dat aanklaers in seksuele sake statutêr verplig behoort te word om 'n

getuie, 'n kind, sy ouer, voog of persoon *in loco parentis* van die alternatiewe maatreëls in te lig, voordat die verhoor 'n aanvang neem, word ondersteun. Howe behoort vas te stel of hierdie plig inderdaad nagekom is.

Hoorsê-getuienis is as 'n reël ontoelaatbaar in die Suid-Afrikaanse Reg. Getuienis oor die eerste rapport van 'n slagoffer van 'n seksuele misdaad is wel 'n uitsondering. In navolging van die Engelse en Kanadese Reg behoort hoorsê-getuienis volgens die skrywer toelaatbaar te wees waar 'n persoon weens afsterwe, of 'n geestes- of fisiese toestand nie getuienis kan lewer nie, nie opgespoor kan word nie ('n situasie wat dikwels in die Suid-Afrikaanse opset en omstandighede voorkom) of as gevolg van vrees of intimidasie en die blootstelling aan spanning of angs nie getuienis kan lewer of voltooi nie.

Dit blyk uit navorsing dat daar 'n behoefte in die Suid-Afrikaanse Reg vir die skepping van statutêre riglyne oor toelaatbare **kruisondervraging** van veral kindergetuies bestaan. Kruisondervraging is 'n geweldige traumatiese, spanningsvolle en angswekkende ondervinding vir enige persoon, maar veral vir kinders. Uitgerekte, intimiderende en intieme kruisondervraging is ook traumaties, selfs vir volwassenes, veral indien getuies die vernederende gebeure in die fynste detail moet onthou en beskryf. Kindergetuies behoef beskerming teen onbehoorlike kruisondervraging. Dit is immers maklik om deur middel van vaardige kruisondervraging 'n wanpersepsie oor hul geloofwaardigheid te skep. Leidende, misleidende, verwarrende en manipulerende vrae mag hul antwoorde beïnvloed, verdere getuienislewering onmoontlik maak en weersprekings of teenstrydighede tot gevolg hê. Kinders mag ook antwoorde verskaf wat glad nie sin maak nie of hulself weerspreek en vrae op 'n ander wyse interpreteer as die bedoeling waarmee dit gestel is. Navorsing toon aan dat kinders probleme met veral chronologiese volgorde, mates, tyd, skatting, abstrakte redenasies en ander mense se beweegredes of optrede ondervind, wat dit onregverdig maak om van hulle spesifieke besonderhede of detail oor tye en plekke te verwag. Die blote feit dat vrae deur volwassenes gestel word mag kinders ook intimideer.

Alhoewel howe in Suid-Afrika oor 'n diskresie beskik om lang, uitgerekte en onbillike kruisondervraging te verbied, behoort statutêre riglyne in navolging van die Engelse Reg (waar 'n geskrewe gedragskode onder andere ingevoer is) en die Australiese Reg oor die toelaatbare kruisondervraging van veral kinders geformuleer te word. Howe moet ter beskerming van 'n kind se beste belang verseker dat sy (of haar) getuienis duidelik is, dat hy vrae behoorlik verstaan en, waar nodig, dat onverstaanbare antwoorde opgeklar word. Vrae moet 'n kind se ouderdom, ervaring en ontwikkeling in ag neem. Die skrywer beveel aan dat die volgende aspekte oorweging tydens die formulering van statutêre riglyne behoort te geniet:

- dat geen lang stellings met verskeie opsies, waarop 'n kind dan met 'n enkele antwoord moet reageer, gemaak mag word nie;

- dat geen verkeerde stellings oor die kind se antwoorde of hoofgetuie nis gemaak mag word nie;
- dat vrae wat antwoorde aan 'n kind insinueer of 'n keuse tussen opsies bied, waarvan nie een met die gebeure soos wat dit werklik plaasgevind het, ooreenstem nie, vermy moet word (Kinders mag verward of selfs kwaad raak en hulself weerspreek indien antagonistiese stellings hulle onder druk plaas.);
- dat geen onverstaanbare taal teenoor kinders gebesig word nie;
- dat herhalende, suggestiewe en dubbelsinnige vrae vermy moet word;
- dat sarkastiese en verkleinerende vrae ontoelaatbaar is;
- dat vrae waardeur daar op "ja" of "nee" antwoorde aangedring word, nie teenoor kinders gebruik behoort te word nie;
- dat slagoffers van seksuele misdade (in navolging van die Australiese Reg) nie tydens kruisondervraging aan onnodige angs, spanning of vernedering blootgestel word nie. Howe behoort uitgerekte kruisondervraging van 'n slagoffer vir 'n aansienlike tydperk in detail oor intieme besonderhede te verbied, omdat dit sy (of haar) menswaardigheid mag skend;
- dat sogenaamde "visvang-ekspedisies" nie toegelaat sal word nie; en
- dat verwarrende, misleidende, onbehoorlike, irrelevante, skandalige, afstootlike, onsedelike, beledigende en vulgêre vrae (in navolging van die posisie in Nieu-Seeland en die *Northern Territory*, Australië) ontoelaatbaar is.

Slagoffers van seksuele misdade moet as 'n reël by die eerste redelike geleentheid 'n **eerste rapport** oor die voorval maak. Die onlangse klagte (die "hue and cry"-reël) in seksuele misdade is reeds in Kanada afgeskaf en aanbevelings tot hierdie effek is in Engeland en Australië gemaak. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Regskommissie ten gunste van die behoud van die eerste rapport-reël is, behoort die reël eerder na die skrywer se mening afgeskaf te word. Daar is geen rede waarom seksuele misdade nie op dieselfde wyse as ander misdade bewys en verhoor kan word nie. Die probleem is voorts dat die reël 'n stereotipiese reaksie van slagoffers van seksuele misdade veronderstel. Ondervinding in die praktyk het egter geleer dat slagoffers van seksuele misdade, en veral kinders, eers na 'n aansienlike lang tydsverloop (en soms nooit) 'n rapport oor die gebeure maak. Daar mag verskeie redes vir die huiwering of versuim bestaan. Dit sal dus verkeerd wees om, ongeag verskillende omstandighede en die slagoffer se ouderdom en of trauma, beskuldigdes die voordeel van 'n lang tydsverloop of die afwesigheid van 'n eerste rapport te gee indien hulle die toedrag van sake veroorsaak het deur byvoorbeeld die slagoffer met ernstige liggaamlike geweld te dreig. Die eerste rapport-reël behoort derhalwe afgeskaf te word.

Indien die reël nie in die Suid-Afrikaanse Reg afgeskaf word nie, behoort deskundige getuie nis in navolging van die Australiese Reg vereis te word om slagoffers se optrede in die regte perspektief te plaas. Alvorens die slagoffer se gedrag beoordeel word, moet al die omstandighede in ag geneem word. Die eerste rapport-getuie nis behoort ook sonder meer toegelaat te word, sodat dit howe van hulp kan wees by die bepaling van die waarheid. Die getuie nis behoort dan

eers aan die einde van die saak geëvalueer te word.

Die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Regskommissie dat die **versigtigheidsreëls** in seksuele geslagsmisdade en kindersake uitdruklik herroep moet word, word onderskryf. Daar bestaan geen rede waarom die getuienis van kinders en slagoffers van seksuele misdade as 'n reël onbetroubaar geag moet word nie. Die versigtigheidsreëls belemmer die soektog na die waarheid en diskrimineer teen veral kinders op grond van hul ouderdom, deurdat dit hul reg op gelykheid skend. Daar is geen bewyse dat slagoffers van seksuele misdade meer geneig is om aantygings te fabriseer nie, nog minder is daar 'n regsbasis op grond waarvan hul getuienis in twyfel getrek behoort te word. Fabrikasie is nie net tipies van seksuele misdade nie, maar kom ook in ander sake voor. Die indruk word geskep dat daar 'n swaarder bewyslas op slagoffers van seksuele misdade rus, wat nie die geval is nie. Navorsing het voorts aangetoon dat kinders nie sonder meer onbetroubare getuies is nie. Die essensiële vraag is of die slagoffer (of kind) geglo kan word.

Daar is geen statutêre riglyne in Suid-Afrika, Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland oor die aanbieding van **mediese getuienis** in seksuele sake nie. Die Suid-Afrikaanse *Strafproseswet* 51 van 1977 behoort volgens die skrywer gewysig te word om voorsiening te maak vir statutêre riglyne oor mediese getuienis in verband met beserings wat deur slagoffers opgedoen is. Medici behoort onder andere verplig te word om alle beserings skriftelik te dokumenteer en, indien nodig, hul waarnemings van afwykings in byvoorbeeld 'n jong meisie se geslagsdele te notuleer. Dit het al in die praktyk voorgekom dat daar 'n mediese diagnose mag wees wat kan verduidelik waarom 'n jong meisie se maagdevlies byvoorbeeld nie weens die penetrasie geskeur was nie. In sommige gevalle was die J88-vorm van mediese ondersoek van 'n slagoffer van bykans geen waarde nie, omdat behoorlike bevindings ontbreek het, die bevindings nie gemotiveer kon word uit die inhoud van die verslag nie of die vorm nie behoorlik voltooi was nie. Onvolledig of onbehoorlik voltooide vorms kan 'n besluit om strafregtelike vervolging in te stel of die sukses van sodanige vervolging wesenlik beïnvloed.

Alhoewel dokters die aard van die beweerde misdaad (byvoorbeeld verkragting) behoort te notuleer, behoort hulle nie ook die slagoffer se verdere mededelings oor die misdaad (byvoorbeeld dat die slagoffer om vieruur die betrokke dag deur vier mans in 'n veld verkrag is) te dokumenteer nie. Die probleem is dat die notulering van die bewerings dikwels deur die verdediging in die hof aangewend word om op die slagoffer se ongeloofwaardigheid te dui, terwyl die mededelings nooit bewys is nie en deur die slagoffer betwis word, omdat daar byvoorbeeld 'n kommunikasieprobleem tussen die dokter en die slagoffer was. Daar behoort voorts volgens die skrywer 'n statutêre plig op howe tydens die beregting van seksuele misdade te rus om hulself te vergewis dat daar behoorlike mediese en, indien nodig, deskundige getuienis oor die fisiese toestand van slagoffers van seksuele misdade op rekord geplaas word. Dit is belangrik dat die dokters oor die aard, omvang, erns en moontlike oorsake van die beserings moet getuig. Die afwesigheid van spermatozoa kan byvoorbeeld aan die hand van geringe penetrasie of omrede

daar geen saadstorting was nie, verduidelik word.

Die geïdentifiseerde leemtes en gebreke in die Suid-Afrikaanse Strafprosesreg, soos hierbo uitgewys, moet dringend aangespreek word. Kinders se spesiale behoeftes en eienskappe regverdig 'n tegemoetkomende en soepele benadering, wat erkenning aan hul beste belang verleen. Getuienislewering moet vir kinderslagoffers van seksuele misdade vergemaklik word, sodat enige sekondêre trauma voorkom kan word.

VONNISOPLEGGING VIR SEKSUELE MISDADE MET KINDERS

Daar blyk in 'n groot mate eenvormigheid tussen die regstelsels van die lande wat bestudeer is en dié van Suid-Afrika te wees oor die aard en omvang van die **straf oogmerke**. In Suid-Afrika, Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland speel dieselfde **faktore** 'n rol tydens die oorweging van 'n gepaste vonnis. In Engeland en Kanada neem howe ook slagoffers se belange in ag. 'n Soortgelyke benadering is in enkele Suid-Afrikaanse beslissings gevolg en die toevoeging van slagoffers se belange as 'n erkende, afsonderlike faktor word deur die skrywer bepleit. Op enkele uitsonderings na regverdig die oogmerk van afskrikking die oplegging van gevangenisstraf vir ernstige seksuele misdade met kinders in Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland. In Kanada word algemene afskrikking by die oorweging van 'n gepaste vonnis vir 'n pedofiel as baie belangrik beskou. Die probleem met die oogmerk van afskrikking is egter dat dit veronderstel dat 'n misdadiger opgespoor, gearresteer, vervolgd en skuldig bevind sal word, wat nie altyd die geval is nie.

Dit is moeilik om in die Suid-Afrikaanse Reg spesifieke oogmerke as die uitsluitlike doel van straf by seksuele misdade met kinders uit te sonder. Alhoewel rehabilitasie op die voorgrond blyk te wees waar die misdaad binne gesinsverband gepleeg is, behoort die vergeldingsoogmerk meer aandag te geniet, veral weens die huidige hoë misdaadsyfers, die bekamping van misdaad en die beskerming van die gemeenskap. Kinders is daarop geregtig om binne gesinsverband teen seksuele misdade beskerm te word, in welke gevalle beskuldigdes se regte ondergeskik aan kinders s'n behoort te wees. Rehabilitasie van 'n misdadiger kan in elk geval binne gevangenisverband geskied. Die Suid-Afrikaanse Parlementêre Taakspan is van mening dat alle seksuele misdadigers aan behandeling onderwerp moet word om die gemeenskap sodoende teen gevaarlike misdadigers te beskerm. Die gevangenisowerhede moet derhalwe voorsiening maak vir rehabilitasieprogramme en die effektiwiteit van die behandeling monitor. Hierdie voorstel word ondersteun omdat dit nie net erkenning aan die oogmerke van vergelding en die gemeenskap se belange verleen nie, maar ook die misdadiger se hervorming beklemtoon.

As gevangesetting nie gelas word nie, is die probleem dat die kinderslagoffer (byvoorbeeld in die geval van huisarres) steeds in 'n kwesbare posisie verkeer, waarvoor daar geen uitkoms bestaan nie, omdat die beskuldigde nog deel van die gesinseenheid uitmaak. Hierdie toedrag van sake

kompliseer onderlinge verhoudings in die gesin. Die verdere misbruik van die kind kan ook nie voorkom word nie. Vonnisse vir seksuele misdade met kinders moet die erns daarvan weerspieël sonder dat 'n beskuldigde se rehabilitasie ten koste van die gemeenskap se belange oorbeklemtoon word. Die proporsionaliteitsbeginsel verg immers dat 'n vonnis in verhouding tot die erns van die misdaad en 'n beskuldigde se morele laakbaarheid moet wees. Die hervormingsoogmerk behoort nie oorweeg te word as 'n beskuldigde geen berou toon of weier om verantwoordelikheid vir sy daad te aanvaar nie.

Die hervormingsoogmerk verleen in elk geval nie voldoende erkenning aan die gemeenskap se afkeuring van ernstige seksuele misdade met kinders nie. Die oogmerk is nie meer baie gewild in veral Engeland, Australië en selfs Suid-Afrika nie, omdat daar onsekerheid oor die sukses van rehabilitasie heers en hervorming wel binne die gevangenisopset kan geskied. Alhoewel dit belangrik is dat 'n misdadiger se seksueel afwykende gedrag aangespreek moet word, is behandeling 'n langdurige proses wat nie oornag plaasvind nie. Dit is in elk geval moeilik om voorspellings oor enige persoon se toekomstige gedrag te maak. Dit is voorts nie in die belang van gesonde regspleging indien lede van die gemeenskap en slagoffers ontevrede en verontwaardig voel en die persepsie vorm dat slagoffers se regte geïgnoreer word, terwyl "*siek*" beskuldigdes met te ligte strawwe daarvan afkom vir seksuele misdade met kinders. Slagoffers mag dan juis gegriefde, haatdraende lede van die gemeenskap word, omdat hulle glo dat geregtigheid nie geskied het nie. Indien normale mense afwykings toon en oor die nodige insig beskik, bekom hulle immers sielkundige hulp of behandeling vir hul probleme. Die Suid-Afrikaanse howe pas egter in hierdie opsig 'n toegeeflike benadering toe, aangesien misdadigers in hierdie omstandighede as "*siek*" beskou word en nie "*boos*" nie.

Ten einde die gemeenskap se vertroue in die regspleging te behou en te voorkom dat lede van die samelewing die reg in eie hande neem, behoort howe slagoffers sowel as lede van die gemeenskap se wantroue, onkunde en kritiek rakende die vonnisproses uit die weg te ruim deur redes te verskaf om te verduidelik waarom 'n spesifieke vonnis opgelê word. Die oplegging van, byvoorbeeld, 'n opgeskorte vonnis of korrektiewe toesig mag die indruk by kinderslagoffers (veral binne gesinsverband) skep dat hulle nie geglo word nie, want niks het omtrent hul huislike omstandighede verander nie. Hulle word steeds aan dieselfde angs en vrees vir 'n herhaling van die daad blootgestel. Hulle beskik dalk ook nie eens oor die nodige insig om hierdie vreemde verloop van gebeure te verstaan nie. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se voorstel (in die beoogde "*Wetsontwerp op Vonnisraamwerke*") dat howe redes vir die oplegging van vonnisse behoort te verskaf indien daar van 'n vonnisriglyn afgewyk word, word ondersteun. Dit sal meebring dat die lede van die gemeenskap en slagoffers se vertroue in 'n gesonde regspleging sal toeneem.

Die beginsels van geregtigheid en "*justice must not only be done, but be seen to be done*" vereis 'n noukeurige evaluering van **al die oogmerke en faktore** wat by vonnisoplegging relevant is.

Howe moet **alle** relevante feite en omstandighede in ag neem. In beginsel let howe op 'n beskuldigde se persoonlike omstandighede, die aard en erns van die misdaad sowel as die belange van die gemeenskap. Soos reeds hierbo vermeld is, word dit aanbeveel dat slagoffers se belange as 'n verdere faktor bygevoeg behoort te word. Swaar vonnisse word deur die toepassing van genade getemper. Daar is 'n groot mate van ooreenstemming tussen die regsvergelykingslande en Suid-Afrika met betrekking tot verswarende en versagende faktore wat in die praktyk uitgekristalliseer het. Sommige van hierdie faktore is in die regsvergelykingslande in wetgewing beliggaam.

In navolging van die posisie in die lande van regsvergelyking, waar verswarende faktore statutêr gereël word, word voorgestel dat dieselfde gebruik in die Suid-Afrikaanse Reg gevolg word. Die skrywer is van mening dat die volgende verswarende faktore (wat nie 'n *numerus clausus* verteenwoordig nie en waarvan sommige reeds as verswarend beskou word) by ernstige seksuele misdade met kinders die oplegging van direkte gevangenisstraf moet regverdig en statutêr beliggaam moet word:

- die beskuldigde se vorige relevante veroordelings, wat dui op die neiging tot die pleging van seksuele misdade;
- as die misdaad gepleeg is terwyl die beskuldigde vir 'n soortgelyke misdaad op borg is, op parool vrygelaat is of sopas uit die gevangenis gekom het;
- indien die slagoffers ernstige fisiese beserings en of psigiese trauma opgedoen het;
- as die beskuldigde VIGS onder lede het (Die *Strafregwysigingswet* 105 van 1997 stel in elk geval die pleging van verkragting deur 'n beskuldigde wat weet dat hy die verworwe immuniteitsgebrek-sindroom of menslike immunoglobulien virus het, met lewenslange gevangenisstraf strafbaar, wat erkenning aan die verswarende aard van hierdie faktor verleen.);
- die skending van 'n vertrouensverhouding;
- 'n groot ouderdomsverskil tussen die beskuldigde en die slagoffer;
- die afwesigheid van berou en 'n volharding met sy ontkenning van die misdade;
- die baie jong ouderdom en of weerloosheid van die slagoffer;
- die hoë voorkoms van die betrokke misdaad in 'n spesifieke gebied;
- die gebruik van uitermatige geweld of dreigemente van ernstige fisiese geweld;
- die gebruik of besit van 'n wapen tydens die pleging van die misdaad;
- voorafbeplanning of 'n bende-optrede;
- waar meerdere slagoffers betrokke was;
- waar 'n inbraak (soos statutêr voorgeskryf word in Nieu-Seeland) of ontvoering geskied het met die doel om 'n seksuele misdaad te pleeg;
- omkoperij of intimidasie van 'n jong kind om rapportering van die misdaad te verhoed of waar geskenke aan die kind gegee is om die misdaad te bewerkstellig;
- die verskaffing van alkohol, dwelms of enige ander middel aan die kind tydens die pleging van die misdaad;

- die vertoning van pornografiese materiaal aan die kind;
- dat die beskuldigde die kans wat op sy hervorming gerig was, nie in die verlede benut het nie;
- die verfilming van seksuele dade met die kind;
- die herhaalde pleging van seksuele misdade oor 'n lang tydperk, wat dui op 'n volharding met sy misdadige gedrag;

In die regstelsels van die lande van regsvergelyking word getuienisaflegging deur 'n kinderslagoffer van 'n seksuele misdaad oorwegend as verswarend beskou, omdat dit die kind se reeds bestaande trauma vererger, aangesien die beskuldigde die slagoffer aan verdere pyn en leed blootstel deur te volhard met sy onskuld. Die skrywer voer derhalwe aan dat hierdie faktor ook as verswarend aangemerkt behoort te word en oorweging tydens die bepaling van 'n gepaste vonnis moet geniet. Bogenoemde faktore moet natuurlik teenoor versagende faktore in berekening gebring word.

Die skrywer is ook van mening dat **alle** slagoffers van seksuele misdade (waarby kinders inbegrepe is) tydens die vonnisopleggingstadium self getuienis moet aflê (veral waar 'n beskuldigde skuldig gepleit het), sodat hulle 'n indruk kan vorm van hul voorkoms, die impak wat die misdaad op hulle gehad het en die omstandighede waarin die misdaad gepleeg is. Deskundige getuienis oor die werklike en toekomstige impak en effek van seksuele misdade op slagoffers moet voor die hof geplaas word. Indien 'n kind die slagoffer van 'n seksuele misdaad is, moet hulle gelas dat hy (of sy) deur 'n sielkundige of 'n ander deskundige geëvalueer of ondersoek moet word en dat 'n proefbeampte-verslag oor die kind se persoonlike omstandighede voorgelê moet word.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se aanbeveling vir die aanbieding van "*victim impact statements*" (verklarings deur slagoffers oor die gevolge van die misdaad), in navolging van die regsposisie in Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland, word ondersteun. Die implementering van hierdie voorstel sal meebring dat die Staat die slagoffer se fisiese, sielkundige of ander beserings op rekord sal kan plaas. Howe sal op hierdie wyse dus behoorlik oor die slagoffer se belange ingelig word, veral omdat die slagoffer die "*mees verwaarloosde persoon in die strafregstelsel*" is en die meeste deur die misdaad geaffekteer word. Indien daar geen getuienis oor die slagoffer se fisiese beserings of sielkundige trauma beskikbaar is nie, moet die dokter of sielkundige wat die slagoffer ondersoek het, na die skrywer se mening, geroep word om oor die aard en omvang van die beserings of trauma te getuig. Statutêre vereistes behoort in navolging van die Kanadese en Australiese Reg vir die vorm en inhoud van die verklarings deur slagoffers oor die gevolge van die misdaad ("*victim impact statements*") geformuleer te word.

Suid-Afrikaanse hofe het in die verlede tegemoetkomende strawwe in die vorm van **opgeskort** **vonnisse** en **korrektiewe toesig** opgelê vir seksuele misdade met kinders binne gesinsverband

om die behoud van die gesinseenheid te beskerm en te verseker dat beskuldigdes se families steeds finansiële ondersteuning geniet. Terapie en behandeling is egter, soos reeds vermeld, 'n langdurige proses. Die kinderslagoffers verkeer steeds in 'n kwesbare posisie, omdat die beskuldigdes nog deel van die gesin uitmaak en verdere seksuele misbruik mag plaasvind. Die effektiwiteit en uitwerking van opgeskorte vonnisse en korrektiewe toesig vir seksuele misdade met kinders binne gesinsverband behoort derhalwe gemonitor te word, sodat beskerming inderdaad aan die kinders verleen word en die gemeenskap kan sien dat geregtigheid geskied. Proefbeamptes, maatskaplike werkers of korrektiewe beamptes - of, indien nodig, beamptes verbonde aan 'n nuwe instansie wat uitsluitlik vir hierdie doel op die been gebring word - moet daarom op 'n voortdurende basis aan die howe verslag doen oor die effektiwiteit van die betrokke vonnis, die kinders se omstandighede, die beskuldigdes se reaksie op die behandeling en hul vooruitsigte op rehabilitasie. Hierdie praktyk vind toepassing in Nieu-Seeland en word deur die skrywer aanbeveel.

Dit moet die taak van die beamptes wees om belangrike aangeleenthede onder die howe se aandag te bring, naamlik of die beskuldigdes wel die rehabilitasieprogramme bywoon, hoe hulle op die behandeling reageer, wat die toekomstige prognose oor hul gedrag is en - in die geval van korrektiewe toesig - die uitslag van die monitering van hul interaksie met lede van hul gesin, die slagoffers se gedrag en optrede teenoor die beskuldigdes sowel as enige ander relevante omstandighede. Op hierdie manier kan enige toekomstige gevaar wat beskuldigdes weens hul seksueel afwykende gedrag vir die gemeenskap inhou, betyds geïdentifiseer en geëlimineer word. Indien die terapie of behandeling onsuksesvol is, behoort daar vir 'n gepaste alternatiewe vonnis voorsiening gemaak te word, tensy die nie-nakoming van die vonnis of die voorwaardes nie aan die beskuldigdes se toedoen te wyte is nie. Hierdie maatreëls mag meebring dat die gemeenskap se vertrouwe in die regspleging versterk word. In hierdie verband kan oorweging ook aan die Engelse opsie van "*probation and bail hostels*" geskenk word. By wyse van hierdie hostelle word verblyf aan misdadigers verskaf, terwyl beheer terselfdertyd oor hulle uitgeoefen word en die gemeenskap teen hulle beskerm word.

Artikel 52 van die *Wet op Korrektiewe Dienste* 111 van 1998, welke Wet nog nie in geheel in werking getree het nie, maak reeds voorsiening vir "*gemeenskapskorreksies*" ("*community penalties*") wat sowel korrektiewe toesig as parool omvat. Voorwaardes mag aan "*community penalties*" gekoppel word, naamlik huisarres, gemeenskapsdiens, skadevergoeding en monitering. Dit behels ook onder andere weerhouding van die gebruik van alkohol of verdowingsmiddels, deelname aan behandelingsprogramme en bemiddeling sowel as ander voorwaardes. Omdat hierdie opsie aansienlike voordele inhou, behoort die bepalinge so gou as moontlik in werking te tree.

Gevangenisstraf word beskou as 'n ernstige inbreukmaking op 'n individu se vryheid. Dit behoort derhalwe slegs oorweeg te word indien 'n ander vonnisopsie nie in verhouding tot die erns van

die misdaad en 'n beskuldigde se morele laakbaarheid sal wees nie. Die probleem is egter dat gevangenisstraf in die meeste gevalle die enigste opsie is wat werklik erkenning aan die erns van die seksuele misdaad sal verleen. Dit kan nie betwis word dat gevangenisstraf oor weinig, indien enige, hervormingspotensiaal beskik nie. Misdadigers mag juis na hul vrylating ernstiger misdade pleeg weens die geweldige impak van gevangenisstraf en die blootstelling aan slegte invloede in die gevangenis. Dit mag egter soms juis nodig wees om gevangenisstraf op te lê weens die ernstige skending van slagoffers se grondwetlike regte. Dit is trouens onverstaanbaar waarom misdadigers se regte ten koste van slagoffers s'n oorbeklemtoon word. Misdadigers het immers geen respek vir slagoffers se regte of menswaardigheid getoon nie. Die argument dat hulle op 'n tegemoetkomende manier behandel moet word oortuig derhalwe nie. Die doel van gevangenisstraf is om misdadigers uit die gemeenskap te verwyder en seksuele misdadigers hou veral 'n ernstige gevaar vir die samelewing in. Beskuldigdes wat ernstige seksuele misdade met kinders pleeg, hoort agter tralies. Die Suid-Afrikaanse outeur, Terblanche, beklemtoon hierdie aspek, wanneer hy (wel met verwysing na die doodvonnis, maar definitief gepas) opmerk dat:

“... For another example of what cruel, inhuman or degrading can really be, one should actually look at the **crimes** which are committed by people who were sentenced to death.”²

Oorvol gevangenis en die moontlike vrylating van 'n beskuldigde op parool behoort nie 'n rol by die oorweging van 'n gepaste vonnis te speel nie. In Kanada, Australië (Nieu-Suid-Wallis) en Nieu-Seeland mag howe 'n nie-parooltydperk aan gevangenisstraf koppel. Alhoewel bepalinge met betrekking tot die vasstelling van 'n nie-parooltydperk en die vrylating van gevangenes op parool in **Suid-Afrika** op die wetboek geplaas is, het dit nog nie in werking getree nie. In die voorgestelde “*Sentencing Framework Bill*” (“*Wetsontwerp op Vonnisraamwerke*”) is die Suid-Afrikaanse Regskommissie ten gunste van 'n statutêre maatreël ingevolge waarvan slagoffers van geweldsmisdade - en meer spesifiek waar geweld teenoor 'n persoon aangewend is - insette tydens verrigtinge vir die oorweging van parool of voorwaardelike vrylating vir 'n misdadiger mag lewer. Omdat daar geargumenteer kan word dat enige seksuele misdaad 'n skending van die slagoffer se fisiese integriteit behels en derhalwe ook “*geweld*” uitmaak, is die skrywer van mening dat hierdie voorstel ook by seksuele misdade toepassing behoort te vind. Op hierdie wyse sal daar erkenning aan slagoffers se werklike leed en trauma verleen word, wat sedert die datum van vonnisoplegging aansienlik kon verander of vererger het.

Alhoewel **lewenslange gevangenisstraf** in Suid-Afrika vir sekere seksuele misdade met kinders (onder andere die verkragting van 'n meisie onder die ouderdom van sestien jaar) opgelê mag word, gebeur dit selde in die praktyk, weens die oorweging van die maatstaf van “*wesenlike en dwingende omstandighede*” en die vrylating van 'n beskuldigde op parool. Ofskoon daar by wyse van die *Strafregwysigingswet* 105 van 1997 gepoog is om swaarder vonnisse vir die verkragting van 'n meisie en onsedelike aanranding van 'n kind teweeg te bring, blyk vonnisoplegging in die praktyk ingevolge die ou bedeling te geskied. Daar word hoofsaaklik gelet op vonnisse wat voor

² SS Terblanche *The Guide to Sentencing in South Africa* (1999) 524

die inwerkingtreding van die Wet opgelê is. Dit doen afbreuk aan die gees van die wetgewing wat daarop gerig is om ernstige misdade aan te spreek en na behore te bestraf. 'n Verdere probleem is dat lewenslange gevangenisstraf nou ook as 'n wrede, swaar en onmenslike straf beskou word. Alhoewel dit 'n toekoms sonder hoop en jarelange spanning en onmenswaardige omstandighede mag inhou, mag dit nie uit die oog verloor word dat lewenslange gevangenisstraf bedoel is vir die verwydering van gevaarlike misdadigers uit die samelewing nie. Soos reeds bespreek is, het die afwykende gedrag van 'n gevaarlike misdadiger juis die trauma, pyn en lyding van die slagoffer teweeggebring. Sy menseregte behoort derhalwe nie meer aandag as dié van die slagoffer te geniet nie. Die inperking van sy regte is niks minder as regverdig nie. Lewenslange gevangenisstraf behoort as 'n reël vir ernstige verkragtings van kinders opgelê te word.

Die voorstel dat **gevangenshospitale** vir die behandeling van seksuele misdadigers se probleme en afwykings ingestel moet word, word deur die skrywer ondersteun. Hierdie voorstel neem die beskerming van slagoffers se regte en die gemeenskap se belange in ag, sonder dat beskuldigdes se persoonlike omstandighede oorbeklemtoon word. Dit mag ook 'n antwoord wees op die nadelige impak wat tradisionele gevangenisstraf inhou. Die behandeling van misdadigers se seksuele afwykings sal immers uitsluitlik in die hospitale aangespreek word. Alhoewel hierdie voorstel aansienlike koste-implikasies inhou, word dit ondersteun, omdat misdadigers nie net vir hul misdade gestraf sal word nie, maar ook die kans sal kry om te hervorm.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 2002 aanbeveel dat artikel 276A van die *Strafproseswet* 51 van 1977 gewysig moet word om voorsiening vir 'n "***sex offence specific accredited treatment programme***" ('n uitdruklik erkende behandelingsprogram vir seksuele misdade) te maak, wat addisioneel tot 'n vonnis in terme van artikel 276(1)(h) en (i) opgelê mag word. Die tydperk van korrektiewe toesig behoort ook tot vyf jaar verhoog te word en 'n "*drug and alcohol treatment order*" mag opgelê word indien 'n beskuldigde behandeling vir alkohol- of dwelmmisbruik moet ondergaan. Laasgenoemde aanbevelings blyk in navolging van die Engelse en Australiese Reg te wees en word ondersteun. Deur middel van hierdie opsie word voorsiening vir die behandeling van misdadigers se seksuele afwykings gemaak, wat daartoe sal bydra om hul rehabilitasie te bewerkstellig.

Die voorstel van die Suid-Afrikaanse Regskommissie dat **behandeling** en **terapie** aan die slagoffers van beweerde seksuele misdade op Staatsonkoste verskaf moet word vir enige fisiese, sielkundige of ander beserings wat hulle opgedoen het, word onderskryf. 'n Misdadiger se gebrek aan die nodige fondse sal derhalwe nie 'n rol speel of die verskaffing van die behandeling affekteer nie. Omdat die belastingbetaler en die Staat hoofsaaklik die koste verbonde aan die gevangesetting van 'n misdadiger en sy daaropvolgende behandeling dra, is dit niks minder as regverdig dat behandeling aan slagoffers ook op Staatsonkoste verskaf moet word nie.

Die Suid-Afrikaanse Reg behoort voorts volgens die skrywer voorsiening te maak vir die instelling van 'n vonnisopsie "***sex offender orders***" (**seksuele misdadigerbevele**). Dit is immers niks minder as regverdig dat 'n seksuele misdadiger se regte ingeperk moet word, omdat hy 'n gevaar vir onskuldige lede van die gemeenskap inhou nie. Dit sal in navolging van die regsposisie in Engeland wees, waar howe 'n lasgewing mag uitreik ingevolge waarvan 'n seksuele misdadiger verbied word om op 'n sekere wyse op te tree met die doel om die gemeenskap teen hom te beskerm. Indien hy versuim om hom van sodanige gedrag (wat die hof na goeëdunke mag bepaal) te weerhou, pleeg hy 'n misdaad. 'n Verdere interessante vonnisopsie is die "*anti-social behaviour order*" (verbod op antisosiale gedrag), in terme waarvan sekere persone verbied word om op 'n sekere manier op te tree, in 'n poging om mense in 'n spesifieke area of gebied teen teistering, onrus, vrees of angs te beskerm.

In die Kanadese Reg word 'n beskuldigde wat aan sekere seksuele misdade met kinders onder die ouderdom van veertien jaar skuldig bevind is, ingevolge 'n "*order of prohibition*" (verbiedende bevel) verbied om sekere plekke te besoek of hom daar te bevind. Hierdie verbod mag selfs lewenslank geld. By wyse van bykans dieselfde tipe lasgewing, naamlik "*non-association orders*" (bevele van nie-assosiasie), word beskuldigdes in Australië (Nieu-Suid-Wallis) verbied om kontak met spesifieke persone te maak of sekere plekke te besoek ten einde die pleging van verdere misdade te verhoed. Die bevel geld vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande. 'n Soortgelyke vonnisopsie bestaan in Nieu-Seeland waar die beskuldigde verbied kan word om kontak met sekere persone te maak. Hierdie vonnisopsies behoort ook volgens die skrywer in die Suid-Afrikaanse Reg toegepas te word. Ter beskerming van die gemeenskap teen ernstige seksuele misdadigers behoort 'n beperking juis op misdadigers se regte en vryheid van beweging geplaas te word. Dit sal verseker dat behoorlike beskerming aan slagoffers en die samelewing verleen word.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het 'n voorstel gemaak vir 'n vonnisopsie getiteld "***supervision of dangerous sexual offenders***" (**toesig oor gevaarlike seksuele misdadigers**). Dit behels dat 'n seksuele misdadiger na die uitdienting van sy vonnis of vrylating op parool hom vir 'n tydperk van ten minste vyf jaar aan die toesig van 'n gepaste persoon, onderworpe aan sekere voorwaardes (onder andere, die verkryging van behandeling of die bywoning van rehabilitasie-programme) moet onderwerp. Alhoewel hierdie voorstel ondersteun word, omdat dit die gemeenskap teen gevaarlike seksuele misdadigers sal beskerm, behoort die toesigbevel (in navolging van die Engelse Reg en die Kanadese opsie van "*long term offender*"-prosedure) eerder vir 'n tydperk van tien jaar te geld. Dit sal meebring dat die misdadiger se gedrag oor 'n aansienlike lang tydperk gemonitor kan word om te verseker dat hy nie 'n ernstige gevaar vir die samelewing inhou nie. Die Engelse Reg maak ook voorsiening daarvoor dat howe 'n verlengde periode van toesig vir 'n maksimum tydperk van tien jaar aan gevangenisstraf mag koppel indien die beskuldigde 'n seksuele of 'n geweldsmisdaad gepleeg het en 'n normale termyn van gevangenisstraf nie voldoende sal wees om sy rehabilitasie te bewerkstellig nie. By wyse van

hierdie voorgestelde vonnis word daar gepoog om verdere beskerming aan die gemeenskap teen gevaarlike misdadigers te verleen.

Ten spyte van die argumente teen die instelling van 'n **Seksoortreder-register**, is die skrywer van mening dat so 'n register (in navolging van die Engelse, Kanadese en Australiese Reg) wel geskep moet word. Die register behoort inligting te bevat aangaande die misdadiger se vorige veroordelings, sy volledige persoonlike besonderhede en sy woonadres. Ten einde voldoende beskerming aan 'n misdadiger se konstitusionele regte te verleen, behoort slegs sekere persone of instansies toegang tot die inligting te hê. Dit behoort byvoorbeeld wetstoepassingsbeamptes in te sluit sowel as potensiële werkgewers in situasies waar 'n misdadiger met kinders in aanraking mag kom. Op hierdie wyse sal verseker word dat seksuele misdadigers nie met kinders in aanraking kom nie en word verdere beskerming aan die gemeenskap teen hierdie tipe misdadigers verleen. 'n Misdadiger se vorige veroordelings en sy daaropvolgende gedrag is immers 'n waardevolle aanduiding van die gevaar wat hy moontlik vir die gemeenskap mag inhou, wat derhalwe 'n inperking van sy regte regverdig. 'n Verdere aspek wat aandag behoort te geniet, is of die register ook die besonderhede van beskuldigdes moet bevat wat aangekla is, maar nie aan 'n seksuele misdaad skuldig bevind is nie.

Om die moontlike ongrondwetlikheid van 'n Seksoortreder-register teen te werk, moet daar ook ondersoek ingestel word na 'n opsie ingevolge waarvan 'n beskuldigde suksesvol sou kon aanvoer dat sy besonderhede nie genotuleer behoort te word nie. Die Nieu-Seelandse Reg maak in hierdie verband voorsiening vir 'n interessante lasgewing getiteld "*suppression of name of accused*"-bevele (verbod op publikasie van beskuldigde se besonderhede), wat uitgereik word indien 'n beskuldigde suksesvol is met sy (of haar) aansoek vir 'n bevel wat 'n verbod plaas op die publikasie van sy besonderhede. Slagoffers mag wel insette tydens so 'n aansoek lewer en 'n opinie uitspreek oor die publikasie van beskuldigdes se name, adresse, beroepe en verdere besonderhede. Indien die gemeenskap beskerming teen die misdadiger moet geniet, kan 'n hof publikasie van sy besonderhede gelas. Die inligting stel lede van die gemeenskap op hul hoede en verleen beskerming aan potensiële slagoffers, omdat hulle dan kennis van 'n seksuele misdadiger se identiteit sal dra.

Daar bestaan 'n behoefte vir 'n nuwe benadering in die Suid-Afrikaanse Reg om te verseker dat geregtigheid inderdaad by vonnisoplegging vir seksuele misdade met kinders geskied en om die oplegging van eenvormige vonnisse te bewerkstellig. Die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Regskommissie vir die instelling van **vonnisriglyne** (soos wat die geval is in Engeland, Australië en Nieu-Seeland) word derhalwe ondersteun, omdat dit hierdie behoefte aanspreek en verseker dat 'n konsekwente benadering by vonnisoplegging gevolg word. Indien verswarende en versagende faktore teenoor 'n voorgestelde termyn van gevangenisstraf ('n "*sentencing bracket*") as vertrekpunt verreken kan word, behoort dit tot gevolg te hê dat strawwe vir soortgelyke misdade nie skreiend van mekaar sal verskil nie. Hierdie benadering sal daartoe bydra om die

gemeenskap se vertroue in gesonde regspleging te versterk.

Die Suid-Afrikaanse Reg behoort dringend volgens die skrywer met betrekking tot die bestrawwing van **kinderpornografiese aktiwiteite** gewysig te word. In Kanada word kinderpornografiese handelingte wyd omskryf en swaar bestraf. Die probleem is egter dat die Suid-Afrikaanse *Wet op Films en Publikasies* 65 van 1996 geen onderskeid in die strafbepaling tussen die erns van die verskillende handelingte van besit, vervaardiging of verspreiding van kinderpornografie tref nie. Die strafbepaling behoort eerder voorsiening te maak vir die oplegging van gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar vir meer ernstige dade, wat by die internasionale tendens sal aansluit. Die bepaling behoort derhalwe, in navolging van die **Kanadese Reg**, deur die Wetgewer hersien te word om voldoende erkenning aan die verskil in erns van die handelingte te tref en alle gedragsvorme met betrekking tot kinderpornografie strafbaar te stel.

